

***"I have come to the conclusion that politics are too serious a matter to be left to the politicians."* Charles De Gaulle**
SUID-AFRIKAANSE REGERING "LODGES" WÊRELDHANDELSORGANISASIE DISPUUT

Op 22 Julie 2022 het die "Permanent Mission of South Africa" tot die Verenigde Nasies en ander Internasionale Organisasies aan mnr Joao Aguiar Machado, ambassadeur van die Europese Unie (EU) by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in Genève geskryf om konsultasies met die EU te versoek, rakende die nuwe regime vir die invoer van sitrusvrugte uit Suid-Afrika.

In Junie het die Europese Unie (EU) se "Standing Committee on Plant, Animal, Food and Feed (SCOPAFF)" drastiese, en waarskynlik verkeerd ingeligte, nuwe regulasies gepubliseer wat die koue behandeling vir lemoene vereis wat na die streek op pad is, as 'n manier om Valskodingmot (VKM) onderskeppings in Suider-Afrika se lemoenuitvoere aan te spreek. Ten spyte van talle besware van verskeie ander lande, insluitend Europese markte wat tans Suid-Afrikaanse lemoene invoer, is hierdie nuwe regulasies in die "Official Journal of the European Union" gepubliseer, met 'n implementeringsdatum van 14 Julie 2022.

Die feit dat EU-owerhede probeer het om hierdie nuwe regulasies slegs 23 dae na publikasie af te dwing, het dit vir Suid-Afrikaanse produsente onmoontlik gemaak om hul nakoming te verseker, en beklemtoon hoe ongeregverdig en diskriminerend hierdie wetgewing is, met verwoestende gevolge vir ons plaaslike sitrusbedryf.

Ingevolge WHO-ooreenkomste, het lede ooreengekom om nie tussen invoere van verskillende oorsprong te diskrimineer nie, om nie sanitêre en tegniese handelsbeperkings op te lê wat diskriminerend is en nie op internasionale standaarde of op grondige wetenskaplike bewyse gebaseer is nie. Dit is duidelik dat die EU se proteksionistiese VKM-invoermaatreëls teen Suid-Afrika, hierdie voorwaardes oortree. In sy versoek om konsultasies het Suid-Afrika 21 teenstrydighede in die nuwe voorgestelde fitosanitêre maatreëls geïdentifiseer, teen die riglyne van die WHO-ooreenkoms, waaraan die EU verplig is om te voldoen.

Hierdie oortredings het reeds 'n geskatte 3,2 miljoen kartonne sitrus ter waarde van R605 miljoen (€ 38,4 miljoen) geraak, met berigte van honderde hours Suid-Afrikaanse sitrus wat by aankoms deur owerhede in die EU nie deurgelaat word nie. Sonder onmiddellike politieke ingryping bly die bedreiging dat hierdie besittings deur die EU-owerhede vernietig sal word.

Die plaaslike bedryf is steeds van mening dat die koue behandeling wat in die nuwe regulasies voorgeskryf word, teenstrydig met wetenskaplike bewyse is, wat dit 'n arbitrêre en onnodige handelsbeperkings maatreël maak en dien ooreenkomstig internasionale vereistes vir sulke fitosanitêre handelsregulasies oortree.

Die CGA verstaan dat die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC), sowel as die Nasionale Regering, baie pogings aangewend het om hierdie saak oor 'n tydperk van etlike weke op te los. Ons is bewus daarvan dat die proses om 'n WHO-konsultasie te soek, begin is toe dit duidelik geword het dat ander weë nie suksesvol sou wees om die kwessie aan te spreek nie. Die CGA verwelkom die skuif deur die DTIC om hierdie dispuut aan te teken en dit tot 'n multi-laterale vlak te verhef.

Hierdie krisis bedreig nie net die volhoubaarheid en winsgewendheid van plaaslike produsente en die 140 000 werksgeleenthede wat die bedryf plaaslik onderhou nie, maar sal ook minder en duurder sitrus in Europese supermarkte tot gevolg hê. Ons kan eenvoudig nie toelaat dat, wat duidelik niks meer as 'n politieke gemotiveerde skuif deur die Spanjaarde was nie, die besittings van duisende plaaslike produsente en die lewensbestaan wat hulle ondersteun vernietig, terwyl dit die vernietiging van miljoene kartonne vrugte van topgehalte deur EU-owerhede bedreig.

Die CGA sal voortgaan om met alle regerings- en bedryfsbelanghebbendes saam te werk om hierdie kwessie met die mate van dringendheid wat dit vereis, aan te spreek, en hoop om te verseker dat alle topgehalte-sitrusuitvoere na die EU oor sy grense ontvang en verwelkom word.

GEPAK EN VERSKEEP

Einde van Week 29 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.5 m	2.5 m	2.0 m	1.9 m			
Pomelo's Klas 1&2 (17kg)		11.5 m	10.9 m	11.0 m	9.4 m			
Pomelo's	14.6 m	15.8 m	15.2 m	14.8 m	12.8 m	16.8 m	15.3 m	17.5 m
Mandaryne	15.8 m	19.4 m	19.9 m	15.3 m	17.4 m	34.5 m	33.7 m	30.9 m
Suurlemoene	23.3 m	24.6 m	28.3 m	21.6 m	25.9 m	32.3 m	32.4 m	31.0 m
Nawels	20.4 m	20.8 m	19.7 m	16.5 m	17.8 m	28.7 m	27.2 m	27.2 m
Valencias	14.0 m	14.0 m	13.3 m	8.6 m	8.9 m	58.2 m	57.3 m	55.0 m
Totaal	88.1 m	94.6 m	96.4 m	76.8 m	82.8 m	170.5 m	165.9 m	161.6 m